## 24 Februarie — Levitikus 4

### *Jesus en die sonde-offer*

God het aan elke denkbare sonde van Israel gedink en 'n offer voorsien. Die sonde-offer is gebring wanneer iemand onopsetlik gesondig het. Uit onkunde. Onwetend (Dawid in Ps. 19:13). Dit gebeur dikwels (Lev. 4:13). Ons doen dinge wat sonde teen die Here is, maar ons weet dit nie. Maar dit is ook sonde teen God. By God bestaan nie so iets soos "ek het nie geweet nie" (Spr. 24:12 ('53)). Onwetend sondig is ook 'n vergrype teen die heilige God. Ek kan nie sê: Jammer, ek was daar totaal onbewus van. God haat elke sonde, daarom voorsien Hy ook die sonde-offer. Soos by die brandoffer moes dit 'n dier sonder gebrek wees.

God maak nie onderskeid nie. Wetende en onwetende sonde moet op dieselfde wyse betaal word. Hierdie sonde lewe onder ons (Hand 3:17; 1 Pet 1:14). Maar só ver strek God se genade. Hy gee ook die offer van sy Seun hiervoor (Heb. 5:2; 9:13, 14). So word ek voor God sonder vlek of rimpel gestel. Al oortree ek elke dag wetend of onwetend. 1 Johannes 1 eis dat ek my sonde moet bely.

God is so groot in genade dat dit wat ek uit onwetendheid nie kan bely nie, ook deur die bloed van Jesus gereinig word. So vind ek vrede. Geen beskuldiging kan teen my ingebring word nie al is ek tot die dood toe skuldig. So kan ek God dank dat Hy aan my gedink het ook toe ek nie aan Hom gedink het nie.

Sing: Skrifberyming 35:1-3 — Ds. L.D. Aucamp (Cullinan)